Gauteng Onderwysdepartement

Laerskool Elspark

Skoolhoof: hoof@lselspark.co.za
Administratief: judith@lselspark.co.za
Webwerf: www.laerskoolelspark.co.za

Posbus 12009 Elspark 1418
Tel: (011) 893-2024/5
Faks: (011) 916-1963

2020-11-09

ALGEMENE JAARVERGADERING: BEGROTING 2020
DINSDAG, 24 NOVEMBER 2020 : 18:00

Hiermee word weereens kennis gegee van die Algemenejaarvergadering vir die ouers van Laerskool Elspark soos op die kwartaalprogram aangedui. U teenwoordigheid by hierdie vergadering sal hoog op prys gestel word.

INLIGTING TOT U BESKIKKING:

Omdat ouers die vergadering soms nie kan bywoon nie, het die Beheerliggaam besluit om die ingeslote inligting aan elke ouer beskikbaar te stel. Die Begroting vir 2021 en die ouditverslag vir 2019 sal by die oueraand beskikbaar wees. Ouers word versoek om, na bestudering van die meegaande inligting, die aangehegte vorm in te vul en aan die skool terug te stuur voor of op Maandag, 23 November 2020.

Baie dankie vir u samewerking.

Mnr. Q. Ferreira
Voorsitter: Finansies

Mnr. L.M. Jacobs
Voorsitter: Beheerliggaam

Stuur asseblief dadelik terug aan die skool

VUL ASSEBLIEF 1 van die 2 opsies in. Merk asseblief u keuse met 'n kruisie:

Ek neem kennis van bogenoemde inligting en sal die oueraand bywoon	

OF

Ek kan nie die oueraand bywoon nie, maar spreek graag my mening uit soos hieronder aangedui:	
1. OUDITVERSLAG 2019 Ek aanvaar die uitslag van die bespreking en goedkeuring van die Ouditverslag vir 2019 soos dit op die Algemene Jaarvergadering van 24 November 2020 ter tafel geplaas gaan word. (Beskikbaar op aanvraag). (Ouers wat nie hierdie opsie uitoefen nie, MOET asseblief die oueraand bywoon)	
2. JAARVERSLAG 2020 Ek aanvaar die uitslag van die bespreking en goedkeuring van die Jaarverslag vir 2020 soos dit op die Algemene Jaarvergadering van 24 November 2020 ter tafel geplaas gaan word. (Beskikbaar op aanvraag). (Ouers wat nie hierdie opsie uitoefen nie, MOET asseblief die oueraand bywoon)	
3. HEFFING VAN SKOOLGELD 2021: Ek aanvaar dat Laerskool Elspark 'n skool is waar skoolgeld gehef moet word vir 2021 om die gehalte onderwys en effektiewe bedryf van die skool te bly verseker. Laerskool Elspark is 'n Quintile 5 (fee paying) skool.	
4. SKOOLGELD 2021 Ek aanvaar die Skoolgeld vir 2021 soos voorgehou in die meegaande dokumente.	
5. SUBSIDIE 2021 Ek aanvaar die norme vir subsidie vir 2021 soos in die meegaande dokumente uiteengesit is.	
6. BELEID VIR ADDISIONELE VERGOEDING VIR PERSONEEL: Ek aanvaar die beleid vir addisionele vergoeding vir personeel vir 2021 soos in die meegaande dokumente uiteengesit is.	
7. BEGROTING 2021 Ek aanvaar die begroting vir 2010 soos in die meegaande dokumente uiteengesit is.	

Naam van oudste leerder: _____ Graad _____

Naam van ouer (drukskrif): _____ Kontaknr: _____

Handtekening van ouer: _____ Sel nr: _____

LAERSKOOL ELSPARK

SKOOLGELDBETALING 2021

	ITEM	BEDRAG PER MAAND	BETALINGSTYDPERK	BEDRAG VIR 2021
1	Skoolgeld vir enkelkind	1440	12 Maande	17280
2	Skoolgeld vir tweede kind	1440 (2880)	12 Maande	17280
3	Skoolgeld vir derde kind	577(3457)	12 Maande	6924
	Skoolgeld is vooruitbetaalbaar teen die 7de van elke maand. Januarie se skoolgeld moet betaal word op die eerste skooldag van 2021. Indien volle skoolgeld vir 2021 voor of op 31 Mrt betaal is, sal een maand se skoolgeld as korting aan die ouer toegestaan word. (Indien geen betaling tot 31 Mrt gemaak word nie, moet 'n skriftelike reëling met die skoolhoof getref word)			
4	Naskoolgeld vir 'n enkelkind	1000	11 Maande	11000
5	Naskoolgeld vir tweede kind	1000 (2000)	11 Maande	11000
6	Naskoolgeld vir derde kind	1000 (3000)	11 Maande	11000
	Naskoolgeld is vooruitbetaalbaar teen die 7de van elke maand. Januarie se geld moet betaal word op die eerste skooldag van 2021. Geen subsidie word toegestaan nie.			
7	Kleuterskool skoolgeld vir elke kind	1560	12 Maande	18720
	Kleuterskool skoolgeld is vooruitbetaalbaar teen die 7de van elke maand. Januarie se geld moet betaal word op die eerste skooldag van 2021. Geen subsidie word toegestaan nie. Geen korting soos in geval van groot skool			
	Voorsitter : Beheerliggaam	Datum	Tesourier : Beheerliggaam	

LAERSKOOL ELSPARK
NORME VIR SUBSIDIE VAN OUERS 2021

	Bruto/Jaarliks Ouers saam Minimum/Rand	Bruto/Jaarliks Ouers saam Maksimum/Rand	%Ouerbydrae Afhanklikes 1 Kind	%Ouerbydrae Afhanklikes 2 Kinders	%Ouerbydrae Afhanklikes 3 Kinders
1	0	123585	0	0	0
2	123586	148302	20	10	0
3	148303	173019	30	20	0
4	173020	197736	40	30	20
5	197737	222453	60	50	40
6	222454	247170	80	70	60
7	247171	271887	100	90	80

1 Pleegouers van leerlinge in pleegsorg en voogde in goedertrou kan jaarliks aansoek doen vir vrystelling van skoolgeldverpligtinge

2 Elke ouer/voog moet elke jaar aansoek doen vir subsidie op die voorgeskrewe vorm

3 Aansoeke moet beëdig word en salarisbewys of bewys van werkloosheid is noodsaaklik

Voorsitter : Beheerliggaam **Datum** **Tesourier : Beheerliggaam**

LAERSKOOL ELSPARK : BEGROTING 2021

INKOMSTE

NR	ITEM	WERIN08	BEGROTING 2020	BEGROTING 2021
1	SKOOLGELD	5,592,077.00	10,300,000.00	10,876,771.00
1.1	INSKRYWINGS DEPOSITO		576,771.00	
1.2	STAATSINKOMSTE	469,025.00	766,000.00	766,000.00
1.3	E-LEARNING	72,611.00	87,960.00	87,960.00
2	RENTE	227,704.00	380,000.00	380,000.00
3	OPVOEDING	5,861.00	13,000.00	13,000.00
4	ADMINISTRATIEF	127,908.00	103,000.00	103,000.00
5	SPESIALE FONDSE	22,625.00	15,000.00	15,000.00
6	TERREIN	2,641.00	-	-
7	GEBOUE	94,019.00	91,000.00	91,000.00
8	FUNKSIES/VERGADERINGS	48,970.00	25,000.00	25,000.00
9	LEERLINGAKTIWITEITE	89,813.00	923,000.00	923,000.00
10	SPORT	273,715.00	738,000.00	738,000.00
11	VERVOER	7,600.00	-	-
12	OPVOEDKUNDIGE TOERE	-	250,000.00	250,000.00
13	SNOEPWINKEL	28,000.00	110,000.00	110,000.00
14	FONDSINSAMELING	6,490.00	459,774.00	459,774.00
15	PERSONEELFONDS	-	-	
TOTAAL		**7,069,059.00**	**14,838,505.00**	**14,838,505.00**

UITGAWES

NR	ITEM	WERUIT08	BEGROTING 2020	BEGROTING 2021
1	SKOOLGELD			
1.1	REGISTRASIE UITGAWES			
1.2	SKOOLGELD INVORDERAARS	28,678.00	49,959.00	49,959.00
1.3	E-LEARNING	179,840.00	150,000.00	150,000.00
2	BANKKOSTE	73,411.00	148,000.00	148,000.00
3	OPVOEDING / SALARISSE	2,965,919.00	6,413,782.00	6,413,782.00
4	ADMINISTRATIEF / SALARISSE	1,222,750.00	2,520,463.00	2,593,613.00
5	SPESIALE FONDSE	297,621.00	107,700.00	107,700.00
6	TERREIN / SALARISSE	372,735.00	800,000.00	800,000.00
7	GEBOUE	671,815.00	2,118,000.00	2,176,000.00
8	FUNKSIES/VERGADERINGS	70,605.00	93,500.00	93,500.00
9	LEERLINGAKTIWITEITE	54,369.00	939,900.00	939,900.00
10	SPORT	342,604.00	1,045,680.00	1,045,680.00
11	VERVOER	68,615.00	84,000.00	84,000.00
12	OPVOEDKUNDIGE TOERE	-	250,000.00	250,000.00
13	SNOEPWINKEL	-	-	
14	FONDSINSAMELING	4,955.00	69,005.00	69,005.00
15	PERSONEELFONDS	6,387.00	10,500.00	10,500.00
TOTAAL		**6,360,304.00**	**14,800,489.00**	**14,931,639.00**
BALANS UIT HOOFBEGROTING		**708,755.00**	**38,016.00**	**(93,134.00)**

Voorsitter : Beheerliggaam **Datum** **Tesourier : Beheerliggaam**

BEDRYFSENTRUMS - NASKOOL

NR	ITEM	Werklik	2020	2021
1	NASKOOLSENTRUM - INK	724,306.00	1,650,000.00	1,000,000.00
1	NASKOOLSENTRUM - UIT	528,572.00	1,607,000.00	950,000.00
BALANS UIT NASKOOLSENTRUM		**195,734.00**	**43,000.00**	**50,000.00**

BEDRYFSENTRUMS - KLEUTERSKOOL

NR	ITEM	Werklik	2020	2021
2	KLEUTERSKOOL - INK	1,283,252.00	2,725,500.00	2,926,800.00
2	KLEUTERSKOOL/SALARISSE - UIT	1,225,631.00	2,282,000.00	2,690,000.00
BALANS UIT KLEUTERSKOOL		**57,621.00**	**443,500.00**	**236,800.00**

BEDRYFSWINS/VERLIES

BALANS UIT BEDRYFSENTRUMS		**253,355.00**	**486,500.00**	**286,800.00**
TOTALE BALANS		**962,110.00**	**524,516.00**	**193,666.00**

Voorsitter : Beheerliggaam **Datum** **Tesourier : Beheerliggaam**

GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

LAERSKOOL ELSPARK
Beleid
ADDISIONELE VERGOEDING VAN PERSONEEL

Hersien Oktober 2020

Naam van die beleid: Addisionele vergoeding van personeel

Datum waarop die beleid in werking tree : Januarie 2020

Hierdie beleid word dan ook 'n toevoeging tot die Finansiële beleid van die Beheerliggaam.

1. ***Inleiding***

   Alle personeel wat ekstra vergoeding vanaf die skool ontvang moet dit op 'n voorgeskrewe dokument (38A) verklaar. Hierdie dokument word jaarliks voltooi en dan by die Departement van onderwys ingehandig vir goedkeuring soos bepaal in die skool se begroting.

   Elke personeelid wat ekstra vergoeding ontvang moet dit ook aan die Belastingkantoor verklaar ongeag die bedrag.

   Alle ekstra vergoeding wat die personeel ontvang, word jaarliks in November tydens die ouervergadering, waar die begroting goedgekeur word, voorgelê aan die ouers.

2. ***Betaling vir dienste gelewer***

   2.1 Vakansiediens - word vergoed volgens die skale van die bedryfsentrums. Indien die diens deel vorm van die amptelike kwartaalprogram word geen vergoeding ontvang nie.

   2.2 Diens by bedryfsentrums - word vergoed volgens die skale, soos bepaal deur die sentrumhoof in samewerking met die skoolbestuur en volgens die goedgekeurde begroting. Die bedryfsentrums is: naskoolsentrum en kleuterskool.

   2.3 Meriete betalings van personeel - die meriete betalings van die personeel aan die einde van die jaar word uit die bedryfsentrums gefinansier.
   Hierdie betalings word op meriete word toegeken op grond van sekere riglyne soos deur die skoolbestuur bepaal deur die beheerliggaam goedgekeur. Die beheerliggaam neem die besluit oor die betaling van die skoolbestuur (na evaluerings).

   2.4 Busbestuurders - word vergoed volgens 'n berekende skaal indien hulle leerlinge/personeel vervoer.

   2.5 Reiskoste - bywoning van kursus, seminaar, ens. tydens die amptelike uitvoering van hulle pligte, waar privaat vervoer gebruik is, word vergoed volgens die amptelike tabelle deur die Beheerliggaam goedgekeur. Eise word by die adjunkhoof ingedien vir goedkeuring. Die Skoolhoof kontroleer die adjunkhoof se eise. Die Beheerliggaam kontroleer die hoof se uitgawes.

2.6 Onthaalkoste – Die Skoolhoof kan na goeddenke mense onthaal wat belange by die skool het of belangrike bydraes maak in die gemeenskap. Die Beheerliggaam sal hierdie uitgawe van die Skoolhoof ook goedkeur of afkeur. Belonings kan ook op meriete aan leerlinge en personeel gemaak word.

3. ***Ander Voordele***

3.1 Kursus – Die koste van kursusse en opleiding soos deur die skoolbestuur goedgekeur word ten volle vir personeel betaal.

3.2 Onkostes aangegaan in die amptelike uitvoering van enige personeellid se pligte, wat verband hou met die opvoedingsproses of die opleiding en ontwikkeling van die personeellid, wat nog nie op enige ander wyse vergoed is nie, sal aan die personeellid vergoed word deur die skool. Dit kan bv. die volgende insluit:

- Boeke of bronne
- Skryfbehoeftes
- Drukwerk
- Opvoedkundige apparaat, Rekenaars, ens.

3.3 Toere – Personeel wat skooltoergroepe amptelik vergesel, se onkoste en sakgeld word gedek uit die begroting van die spesifieke toer.
Indien die organiseerder die toer meemaak, word dit ook gefinansier uit die toerfonds. 'n Bestuurlid wat 'n toer meemaak in die hoedanigheid van toervoog/toesighouer se reis en verblyfkostes word gedek uit die skoolbestuur – begroting. Dieselfde vergunning word ook vir die Skoolhoof toegelaat.

3.4 Personeel wie hulle kinders by Laerskool Elspark inskryf, betaal nie die basiese skoolgeld nie. Hierdie afslag geld egter nie vir die kleuterskool, naskool en enige ander uitgawes nie.

3.5 Selfoon – 'n selfoon word aan die Skoolhoof verskaf. Hierdie foon word hoofsaaklik gebruik vir die aktivering van die alarms, vir oproepe van ouers na-ure asook vir die monitering van kameras en die algemene veiligheid van die skool. Die foon mag ook binne perke privaat gebruik word. Die algemene selfoon word aan sport- en toerorganiseerders beskikbaar gestel vir kommunikasie met die bestuur, beheerliggaam en ouers.

3.6 Lede van die Skoolbestuur, ander personeel asook adminpersoneel kan 'n addisionele betaling ontvang t.o.v. werk buite hul normale pligte, asook 'n telefoon/internet toelaag as daar van hulle verwag word om dit in 'n amptelike hoedanigheid te gebruik.

4. Algemeen

Hierdie dokument moet gelees word in samehang met ander verwante dokumente soos die begroting en tabelle vir brandstof eise.